

Dinsdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Kolossense 2:6, 7

Christus is die antwoord. Bly leef in Hom!

Paulus skryf hier aan 'n jong gemeente. Daarom wys hy hulle op drie potensiële bedreigings wat hulle geloof kan kelder. Elke keer moedig hy hulle aan om op koers te bly deur te wys dat daar net niks en niemand is wat by Christus kan kers vashou nie!

- Die “wysheid en filosofie” (nie die akademiese rigting nie) wat aan die orde van die dag was en waaraan hierdie gelowiges nog tot onlangs geglo het. Idees oor hoe die wêreld werk en watter god in beheer is van watter natuurelemente. 'n Soeke na sin en betekenis. Christus is egter die enigste, ware antwoord op sin en betekenis. In Hom woon die hele volheid van die Godheid liggaamlik. Hy is die Hoof oor elke heerskappy en mag – en in ons verbondenheid aan Hom is ons met hierdie volheid vervul.
- Oral waar gemeentes tot stand gekom het, het Joodse “Christene” opgedaag en geleer dat gelowiges ook die Joodse wette moes nakom – veral die besnydenis. Dit was vir hulle ondenkbaar dat 'n heiden deel van God se volk kon wees sonder die teken van die verbond. Weer is Christus die antwoord. Hy het 'n besnydenis bewerk wat baie meer beteken as die fisiese. Daarmee saam simboliseer die doop nog meer as die besnydenis: gelowiges se sondige natuur het gesterf, maar hulle is ook saam met Christus opgewek tot 'n nuwe lewe.
- Hoe meer ons die Here leer ken, hoe meer besef ons hoe baie ons oortredinge werklik is. Dit kan mens moedeloos maak: Hoe kan ek ooit regmaak? Ook hierin is Christus die antwoord. Hy wis daardie aanklagte uit en neem dit weg aan die kruis. Nou het niemand meer 'n houvas op ons omdat ons “in die skuld” is nie. So ontwapen Christus elke mag en gesag wat oor ons was en bevry ons daarvan.

Hoe bly ons dus op koers? Bly leef in Christus! In Hom is ons reeds gewortel soos 'n boom wat in grond geanker is; in Hom word ons voortdurend opgebou en in die geloof versterk; en teenoor Hom loop ons sonder ophou oor van dankbaarheid. Bly leef in Christus; Hy is die enigste Antwoord!

Sing: Skrifberyming 3-2:1-6

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)